



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye + 1 bylae

INSTRUKSIES

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Wys ALLE berekeninge om deelpunte te verdien
4. Waar van toepassing, rond alle berekeninge af tot die naaste rand. Alle ander berekenings moet afgerond word tot een desimale plek.
5. Lees al die instruksies van elke vraag sorgvuldig en volg dit noukeurig.
6. Leerders sal punte verloor vir:
 - die gebruik van nie-erkende afkortings.
 - oorskrywing van woorde en syfers.
 - onnodige/vreemde inskrywings.
7. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
8. Jy moet blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer jy die vrae beantwoord. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

Vraag	Onderwerp	Punt	Tyd
1	Finansiële state	55	42 minute
2	Vennootskappe	40	32 minute
3	Ontleding en vertolking van Finansiële state	20	16 minute
4	Batebestuur & Interne Kontrole	35	30 minute
		150	120 minute

VRAAG 1

(55 punte; 42 minute)

Die volgende inligting word geneem uit die rekeningkundige rekords van Golden Gate Handelaars op 30 Junie 2020, die laaste dag van die finansiële jaar.

GEVRA:

- 1.1 Berei die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) voor vir die jaar geëindig op 30 Junie 2020. (40)
- 1.2 Voltooi die volgende Notas tot die Finansiële State:
 - 1.2.1 Handels en ander ontvangbares (6)
 - 1.2.2 Handels en ander betaalbares (9)

INLIGTING

1. Syfers geneem uit die vooraansuiwerings Proefbalans op 30 Junie 2020:

Balansstaat rekeninge afdeling	
Voertuie	130 000
Toerusting	78 500
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	34 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	30 000
Handelsvoorraad	42 563
Debiteurekontrole	31 900
Voorsiening vir oninbare skuld	550
Bank (gunstig)	8 540
Krediteurekontrole	21 363
Vaste deposito : Zee Bank @ 15% p.a.	10 000
Lening : Zee Bank	60 000
Nominale-rekeninge Afdeling	
Verkope (minus Debiteure afslag)	337 600
Koste van verkope	???
Herstelwerk	1 618
Oninbare skuld	1510
Telefoon	2 350
Huurinkomste	17 836
Rente op vaste deposito	1 125
Eiendomsbelasting	2 850
Versekering	4120
Korting ontvang	600
Verpakkingsmateriaal	13 500
Water en elektrisiteit	4 830
Salarisse	78 000
W.V.F. bydraes	3 120

2. Aansuiwerings en addisionele inligting.

- 2.1 'n Kredietnota vir R1 600 uitgereik aan 'n debiteur, gedateer 27 Junie 2020, was glad nie geboekstaaf nie. Die kosprys van die goedere is R1 000. Die goedere is teruggeplaas in die voorraad.
- 2.2 Die besigheid gebruik 'n winspersentasie van 60% op kosprys. Handelskorting van R4 000 was toegestaan op fakture aan spesifieke kliënte.
- 2.3 'n Fisiese voorraadopname word op 30 Junie 2020 gedoen en toon dat die volgende voorraad voorhande is.
- Handelsvoorraad R 44 000
 - 80% van die verpakkingsmateriaal is gedurende die jaar gebruik
- 2.4 'n Tjek uitgereik aan 'n krediteur vir R1 900 ter vereffening van 'n rekening van R2 000 was gedishonoreer en teruggestuur deur die bank gemerk V/T.
- 2.5 Op 18 June 2020, was R1 370 ontvang van M. Stuurman wie se skuld voorheen afgeskryf was as oninbaar. Die bedrag is gekrediteer in die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek.
- 2.6 Die voorsiening vir oninbare skuld moet verhoog word met R400.
- 2.7 Versekering sluit die jaarlikse versekerings premium in van R3 000 wat op 31 Oktober 2020 verval.
- 2.8 'n Gedeelte van die gebou word aan 'n eiendomsagent verhuur sedert 1 Februarie 2019. Die oorspronklike huur was R15 600 vir die eerste jaar en daarna sal dit verhoog met 12 % gedurende die tweede jaar. Maak die nodige aansuiwering.
- 2.9 Die telefoonrekening vir Junie 2020 moet nog betaal word, R230.
- 2.10 Op 30 Desember 2018 word 'n bedrag van R10 000 belê in 'n vaste deposito teen 15 % rente per jaar. Rente op vaste deposito vir die vorige kwartaal is nog nie ontvang nie. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- 2.11 Totale waardevermindering vir die jaar is, R23 475.

- 2.12 Die volgende besonderhede van 'n nuwe werknemer, D. Laurence, was weggelaat uit die Salarisjoernaal Junie 2020.

• Bruto Salaris	R4 200
• Aftrekkings : LBS	R840
Mediese fonds	R150
W.V.F.	1%

- Die besigheid dra by tot die W.V.F. op 'n rand tot rand basis.

Geen betalings is op bogenoemde gemaak nie.

- 2.13 Die leningstaat toon die volgende inligting:

• Saldo op 01 Julie 2019	R60 000
• Saldo op 30 Junie 2020	R48 000
• Terugbetaling vir die jaar	R18 000
• Rente gekapitaliseer	???

VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE**(40 punte; 32 minute)**

Die volgende inligting word geneem uit die rekeningkundige rekords van Mighty Mouse Handelaars op 28 Februarie 2020, die laaste dag van die finansiële jaar. Die besigheid is 'n vennootskap, met Mighty en Mouse as vennote.

GEVRA

- 2.1 Sê of die volgende stellings WAAR OF ONWAAR IS. (5)
- 2.1.1 Eienaarsbelang vir 'n vennootskap bestaan net uit Kapitaal en Onttrekkings.
 - 2.1.2 Alle lopende rekeninge is bedryfslaste.
 - 2.1.3 Die vennootskapsooreenkoms stipuleer die bedrag kapitaal wat deur elke vennoot tot die besigheid bygedra moet word.
 - 2.1.4 Die beginsel van dubbelinskrywing beteken dat die vennootskap 'n afsonderlike bankrekening moet hê van die persoonlike bankrekenings van elke vennoot.
 - 2.1.5 'n Vennoot kan nie meer kapitaal bydra tot die vennootskap nie.
- 2.2 Gebruik alle toepaslike inligting en doen die Lopende Rekeningnota op 28 Februarie 2020. (14)
- 2.3 Gebruik alle toepaslike inligting om die Staat van Finansiële Posisie op te stel (Balansstaat) op 28 Februarie 2020. (21)
Waar die notas nie gevra word nie, moet alle berekeninge in hakies gewys word, om deelpunte te verdien.

INLIGTING:

- Lys van saldo's en totale geneem uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2020:**

Kapitaal : Mighty	200 000
Kapitaal : Mouse	100 000
Privaatrekening : Mighty (01 Maart 2019) (Debiet)	4 800
Privaatrekening : Mouse (01 Maart 2019) (Krediet)	6 200
Ottrekkings : Mighty	20 000
Ottrekkings : Mouse	6 800
Vaste bates teen drawaarde (Ontbrekende getal)	???
Vaste deposito (Sien inligting 3.1)	30 000
Voorraad (Ontbrekende getal)	???
Totale handels en ander ontvangbares (Sien inligting 4)	???
Kleinkas	500
Wisselgeld	1 000
Lening : Giant Bank (Sien inligting 4)	???
Totale handels en ander betaalbares (Voor aansuiwering 3.3)	45 050
Bank oortrokke	12 200
Salaris : Mighty (Sien inligting 5.1)	49 600
Salaris : Mouse (Sien inligting 5.1)	78 000
Netto wins vir die jaar	141 000

- Transaksies nog nie aangeteken nie:**

- 2.1 Mighty bring handelsvoorraad terug met 'n kosprys van R700. Die handelsvoorraad was uit die voorraad geneem vir persoonlike gebruik.
- 2.2 'n Kontanttjek vir R1 000, getrek deur Mighty vir persoonlike gebruik, is aangeteken as Ottrekkings : Mouse, per ongeluk.

- Addisionele inligting:**

- 3.1 Die besigheid het twee vaste deposito's:
 - R10 000 by Giant Bank – verval op 01 April 2020
 - R20 000 by Small Bank – verval op 01 Desember 2021
- 3.2 'n Terugbetaling van R5 000 op die lening word jaarliks op 28 Februarie gemaak. Die betaling vir die jaar was op 28 Februarie 2020 gemaak. Hierdie transaksie is nie in die besigheid se boeke aangeteken nie.
- 3.3 Nadat die Bankversoening vir Februarie 2020 voltooi was, het dit as deel van die uitstaande tjeks gewys, 'n totaal van R1 200 se tjeks wat vooruitgedateer is.

4. **Sommige van die finansiële aanwysers wat deur die besigheid bereken is op 28 Februarie 2020:**

- Bedryfskapitaalverhouding 1,2 : 1
- Vuurproefverhouding 0,5 : 1
- Skuld-ekwiteitsverhouding 1,5 : 1

5. **Inligting geneem uit die Vennootskapsooreenkoms:**

5.1 **Salarisse**

- Die vennote het hulle jaarlikse salarisse met 20% p.j. op 01 Julie 2019 verhoog.
- Mighty het nog nie sy salaris vir Februarie 2020 onttrek nie.
- Mouse het haar salaris vir die finansiële jaar onttrek.

5.2 **Rente op kapitaal**

Neem kennis dat Mighty sy kapitaalbydrae met R100 000 verhoog het op 01 September 2019. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf.

- 8% p.j. op enige bedrag tot R100 000 van die kapitaalbydrae.
- 10% p.j. op die kapitaalbydrae meer as R100 000.

5.3 **Oorblywende wins of verlies**

Die oorblywende wins of verlies word in verhouding met die twee vennote se kapitaalbydrae aan die begin van die finansiële jaar verdeel.

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING

(20 punte; 16 minute)

Die volgende inligting word geneem uit die rekeningkundige rekords van Kings Handelaars op 31 Desember 2020, die laaste dag van die finansiële jaar. Die besigheid is 'n vennootskap met vennote, King Midas en King Ben.

GEVRA:

Gebruik die toepaslike inligting om die volgende te doen:

Waar van toepassing, moet antwoorde finansiële aanwysers en syfers insluit.

- 3.1 Bereken King Ben se persentasie verdienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2020. Het hy rede om tevrede te wees? Gee **EEN** rede vir jou antwoord. (10)
- 3.2 Bereken die skuld-ekwiteitsverhouding op 31 Desember 2020. (3)
- 3.3 Die vennote oorweeg dit om 'n addisionele lening van R200 000 met 'n rentekoers van 12% per jaar aan te gaan. Dink jy dit is 'n goeie idee? Verwys na een finansiële aanwyser en na hoe dit gerat is, om jou antwoord met syfers te motiveer. (3)
- 3.4 Die vennote is bekommerd oor die likiditeitsposisie van die besigheid. Verwys na twee finansiële aanwysers met syfers om hulle kommer te regverdig. (4)

INLIGTING:

1. Die volgende saldo's is geneem uit die rekeningkundige rekords:

	31 Des 2020	31 Des 2019
Eenaarsbelang	1 038 154	988 054
Kapitaal : King Midas	532 592	401 042
Kapitaal : King Ben	505 562	597 012
Lening @ 15 % p.a.	250 000	320 000

2. Addisionele inligting vir die jaar geëindig 31 Desember 2020:

- 2.1 Netto wins vir die jaar, R420 100
- 2.2 Beide King Midas en King Ben verdien 'n jaarlikse salaris van R165 000 elk.
- 2.3 Rente op kapitaal : King Midas, R48 000 en King Ben, R60 000

2.4 Onttrekkings vir die jaar: King Midas, R200 000 en King Ben, R180 000

2.5 Verdeling van oorblywende wins : oorblywende wins van R37 100 word gelykop tussen die vennote verdeel.

3. **Sommige van die finansiële aanwysers van die besigheid:**

Finansiële aanwysers	31 Des 2020	31 Des 2019
Bedryfskapitaalverhouding	1,4 : 1	1,7 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	1,2 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	9,2 keer	8,4 keer
Solvensieverhouding	2,4 : 1	3,5 : 1
Opbrengs op ekwiteit (vennootskap)	32,2 %	27,9 %
Skuld- ekwiteitsverhouding	???	0,3 : 1
Rente op Vaste Deposito	5%	5%

VRAAG 4: BATEBESTUUR EN INTERNE KONTROLE (35 punte; 30 minute)

Die volgende vier vrae is onafhanklik van mekaar.

4.1 ETIEK

GEVRA:

Pas elke term in KOLOM A met die mees toepaslike beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die regte letter langs die vraagnommer (4.1.1 tot 4.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Vertroulikheid	A	“wins, mens en omgewing/planeet”
4.1.2	Deursigtigheid	B	Die vermoë om ekonomiese, sosiale en omgewingshulpbronne te gebruik sonder om enige van die drie skade aan te doen.
4.1.3	Driededige-basislyn	C	Die erkenning en aanvaarding van verantwoordelikheid vir jou optrede, pligte en besluite.
4.1.4	Etiese kode	D	’n Skriftelike stel reëls en riglyne waarin etiese beginsels uiteengesit word wat deur ’n onderneming en al sy lede gevolg moet word.
4.1.5	Aanspreeklikheid	E	Inligting wat verkry word tydens die uitvoering van professionele dienste, moet toepaslik behandel word.
		F	’n Oop en eerlike manier om dinge te doen en pogings om nie die waarheid te verberg nie.

(5)

4.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte voorsien in jou ANTWOORDBOEK. Gebruik die voorbeeld as 'n riglyn. Die bankrekening is oortrokke in alle transaksies.

Voorbeeld: Vennoot Barack deponeer R50 000 direk in die bankrekening van die besigheid as deel van sy kapitaalbydrae.

4.2.1 Betaal vennoot Barack R8 000 deur middel van 'n EFO as deel van sy maandelikse salaris. Volgens die vennootskapsooreenkoms, is hy geregtig op 'n maandelikse salaris van R8 000. (5)

4.2.2 Vennoot Michelle neem goedere, met 'n kosprys van R800, vir persoonlike gebruik. Goedere word verkoop met 'n winsgrens van 25% op kosprys. (3)

4.3 BATEBESTUUR

GEVRA:

Lees deur al die inligting aangaande die vaste bates van Disney Vervaardigers en beantwoord dan die vrae.

4.3.1 Indien dieselfde metode gebruik word om waardevermindering op alle voertuie af te skryf, wat is die waardeverminderingskoers wat deur die besigheid gebruik word? (3)

4.3.2 Daar word besluit om Voertuig 2 te verkoop (sien die vastebate-register) aangesien dit te veel kos om te onderhou en te herstel.

Voltooi die bateregister om die voertuig se boekwaarde te bepaal op die dag wat dit verkoop word. (Rond af tot die naaste rand wanneer die berekenings gedoen word vir waardevermindering.) (10)

INLIGTING:

1. Algemene Inligting

- Disney Vervaardigers maak houtmeubels en lewer dit af.
- Hulle huur die fabriek.
- Op 01 Maart 2020 het hulle toerusting en drie afleweringsvoertuie besit, wat gebruik word om die meubels af te lewer in 'n radius van 100 km om Johannesburg.

2. Vastebateregister

Tipe bate: Voertuig 2				
Registrasie nommer: GT66YRGP			Datum aangekoop : 31 Augustus 2017	
Verskaffer: Toyota			Datum verkoop : 31 Mei 2020	
Persentasie van waardevermindering: ?			Metode van Waardevermindering: ?	
Beweging				
Datum	Kosprys	Waardever- mindering	Opgehoopte waardever- mindering	Drawaarde
28 Februarie 2018	380 000	47 500	47 500	332 500
28 Februarie 2019	380 000	83 125	130 625	249 375
28 Februarie 2020	380 000			
31 Mei 2020	380 000			

4.4 **PROBLEEMOPLOSSING**

GEVRA:

Bestudeer die gegewe inligting en identifiseer een probleem in elke tak. Verskaf 'n oplossing vir die probleem in elke tak onder die opskrifte wat voorsien word in die antwoordboek.

(9)

INLIGTING:

Bongiwe Zwane het 'n Rekeningkundige franchise geopen in die naam van "Accounting Made Easy". Na 10 maande van besigheid het sy 3 takke oop, een in Daveyton, Actonville en Farramere elk.

Die skool bied ekstra rekeningkunde lesse aan vir hoërskoolleerders van 14:00 tot 18:30. Al die lesse is op individuele basis vir 45 minute (ses lesse per dag), Maandag tot Vrydag, teen 'n koste van R120 per les. Elke leerder woon 1 les per maand by. Die totale aantal leerders wat 'n skool kan neem is 360 per maand. Altesaam 3 opvoeders kan op 'n slag by elke tak klasgee. Opvoeders word R70 per les betaal.

Bongiwe het die syfers van die drie skole vir November 2020 gekry. Sy is bekommerd dat nie al 3 skole so doeltreffend as moontlik werk nie.

Syfers vir November 2020:

	Daveyton	Actonville	Farramere
Aantal opvoeders	3	3	2
Aantal leerders	300	400	190
Inkomste per les	R36 000	R48 000	R19 000
UITGAWES			
Huur	R6 000	R8 000	R12 000
Advertensie	R600	R1 200	R0
Salaris	R22 400	R25 200	R13 300
Ander uitgawes	R2 000	R2 000	R4 500

TOTAAL: 150

EINDE

BYLAE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale Verdienste deur Vennoot}}{\text{Gemiddelde vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$	
Niebedryfslaste: Vennotebelang	Totale Bates: Totale Laste	



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMENS
NOVEMBER 2020
GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1
ANTWOORDBOEK

TYD: 2 uur

PUNTE 150

10 bladsye

Naam van skool	
Naam van leerder	
Datum	

VRAAG	Onderwerp	Moontlike Punt	Punt behaal	Gemodereerde Punt
1	Finansiële state	55		
2	Vennootskappe	40		
3	Ontleding en Vertolking	20		
4	Batebestuur & interne kontrole	35		
		150		

VRAAG 1: FINANSIËLE STATE

(55 punte; 42 minute)

Golden Gate Handelaars

Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2020

Verkope	
Koste van Verkope	
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Huurinkomste (17 836	
Korting ontvang (600	
Bruto bedryfsinkomste	
Ander Bedryfsuitgawes	
Herstelwerk	1 500
Oninbare skuld	1 618
Telefoon (2 350	
Eiendomsbelasting	2 850
Versekering (4 120	
Verpakkingsmateriaal	
Water en elektrisiteit	4830
Salarisse (78 000	
W.V.F. bydrae (3 120	
Bedryfswins	
Rente inkomste (1 125	
Wins voor rente uitgawes	
Rente uitgawes	
Netto wins vir die jaar	

Golden Gate Handelaars
Notas tot die Finansiële state 30 Junie 2020

1.2.1 Handels en ander ontvangbares

Handelsdebiteure (31 900	

6

1.2.2 Handels en ander betaalbares

Handelskrediteure (21 363	

9

55

VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE

(40 punte; 32 minute)

2.1 WAAR en ONWAAR

Nommer	Antwoord
2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	
2.1.4	
2.1.5	

5

2.2 Mighty Mouse Handelaars
Notas tot die Finansiële state op 28 Februarie 2020

Privaatrekeninge

	Mighty	Mouse	Totaal
Netto wins soos per inkomstestaat			141 000
Vennoot salarisse			
Rente op kapitaal			
Primêre verdeling van wins			
Finale verdeling van wins/verlies			
Onttrekkings vir die jaar			
Behoue inkomste vir die jaar			
Saldo aan die begin van die jaar			
Saldo aan die einde van die jaar			

14

2.3 **Mighty Mouse Handelaars**
Staat van Finansiële posisie (Balansstaat) soos op 28 Februarie 2020

<u>BATES</u>		
<u>NIEBEDRYFSBATES</u>		
Vaste bates		
Finansiële bates		
Vaste deposito : Giant Bank		
Vaste Deposito : Small Bank		
<u>BEDRYFSBATES</u>		
Voorraad		
Handels- en ander ontvangbares		
Kontant en kontantekwivalente		
Totale bates		
<u>EKWITEIT EN LASTE</u>		
<u>EIENAARSBELANG</u>		
Kapitaal		
Private rekeninge	2.2	
<u>NIEBEDRYFSLASTE</u>		
Lening : Giant Bank		
<u>BEDRYFSLASTE</u>		
Handels- en ander betaalbares		
Bank oortrokke		
Korttermyn lening		
Totale ekwiteit en laste		

(55 punte; 16 minute)

3.1	Bereken King Ben se persentasie verdienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2020. Het hy rede om tevrede te wees? Gee een rede vir jou antwoord.	(10)
	Berekening: Tevrede/Ontevrede Rede:	

10

3.2	Bereken die skuld-ekwiteitsverhouding op 31 Desember 2020.	(3)
	Berekenings	

3

3.3	Die vennote oorweeg dit om 'n addisionele lening van R200 000 met 'n rentekoers van 12% per jaar aan te gaan. Dink jy dit is 'n goeie idee? Verwys na een finansiële aanwyser en na hoe dit gerat is om jou antwoord met syfers te motiveer.	(3)
	Goeie idee/nie 'n goeie idee nie Motivering:	

3

3.4	Die vennote is bekommerd oor die likiditeitsposisie van die besigheid. Verwys na twee finansiële aanwysers met syfers om jou kommer te regverdig.	(4)
	Finansiële aanwyser 1: Finansiële aanwyser 2:	

4

20

VRAAG 4: BATEBESTUUR EN INTERNE KONTROLE

(35 punte; 30 minute)

4.1 Etiek

Nommer	Antwoorde
4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	
4.1.5	

5

4.2 Rekeningkundige vergelyking

Nommer	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
Voorbeeld	Bank	Kapitaal: Barack	0	+ 50 000	- 50 000
4.2.1					
4.2.2					

8

4.3 Batebestuur

4.3.1	Indien dieselfde metode gebruik word om waardevermindering op alle voertuie af te skryf, wat is die persentasie (koers) wat gebruik word deur die besigheid?	(3)
	Berekeninge:	

3

4.3.2	Daar word besluit om Voertuig 2 te verkoop (sien die vastebateregister) aangesien dit te veel kos om te onderhou en te herstel.																															
	Voltooi die bateregister om die voertuig se boekwaarde te bepaal op die dag wat dit verkoop word. (Rond af tot die naaste rand wanneer die berekenings gedoen word vir waardevermindering.)	(10)																														
	<table><tr><th colspan="5">Beweging</th></tr><tr><th>Datum</th><th>Kosprys</th><th>Waardevermindering</th><th>Opgehoopte waardevermindering</th><th>Drawaarde</th></tr><tr><td>28 Februarie 2018</td><td>380 000</td><td>47 500</td><td>47 500</td><td>332 500</td></tr><tr><td>28 Februarie 2019</td><td>380 000</td><td>83 125</td><td>130 625</td><td>249 375</td></tr><tr><td>28 Februarie 2020</td><td>380 000</td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td>31 Mei 2020</td><td>380 000</td><td></td><td></td><td></td></tr></table> Berekenings: Februarie 2020: Mei 2020:	Beweging					Datum	Kosprys	Waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde	28 Februarie 2018	380 000	47 500	47 500	332 500	28 Februarie 2019	380 000	83 125	130 625	249 375	28 Februarie 2020	380 000				31 Mei 2020	380 000				
Beweging																																
Datum	Kosprys	Waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde																												
28 Februarie 2018	380 000	47 500	47 500	332 500																												
28 Februarie 2019	380 000	83 125	130 625	249 375																												
28 Februarie 2020	380 000																															
31 Mei 2020	380 000																															

4.4 Probleemoplossing

Rekeningkunde Maklik Gemaak

Tak	Probleme en getalle	Oplossing
Daveyton		
Actonville		
Farramere		

9

35

TOTAAL: 150

EINDE



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

testpapers.co.za

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2020

GRAAD 11

REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1

NASIENRIGLYNE

14 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (Geen vreemde-item strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenaliserings toepassing nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie)
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: 'kontroleer bewerking' moet 'n +, -, x, - of volgens memo wees.
9. 'Een deel korrek' beteken die bewerking en een deel is korrek. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken is. Indien 'n getal 'n metodepunt verdien het, sal dit as 'een deel korrek' beskou word.
10. In berekeninge, moet punte vir bewerkings nie toegeken word nie indien noemer & deler omgeruil is. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Indien sulke gevalle, moet nie die metodepunt toeken nie. Dui deur middel van ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

VRAAG 1: FINANSIËLESTATE

(55 punte; 42 minute)

Golden Gate Handelaars

Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2020

Verkope(337 600/ – 1600/)	336 000☑
Koste van Verkope (Ken 3 punte toe as = verkope + 4000 /1.6)	(212 500) // ☑
Bruto wins	123 500 ☑
Ander bedryfsinkomste	18 687 ☑
Huurinkomste (17 836 – 1 456 //)	16 380☑
Korting Ontvang (600 – 100 //)	500☑
Handelsvoorraad Surplus	437 //
Oninbare skulde ingevorder	1 370 //
Bruto Bedryfskomste	142 187 ☑
Ander bedryfsuitgawes	(136 587) ☑
Herstelwerk	1 618
Oninbare skuld	1510
Telefoon (2 350 + 230 //)	2 580☑
Eiendomsbelasting	2 850
Versekering (4 120 - 1 000 //)	3 120☑
Verpakkingsmateriaal (13 500 x 80%)	10800//
Water en elektrisiteit	4 830
Salarisse (78 000 + 4 200 //)	82 200☑
W.V.F. bydrae (3 120 + 42 // + 42 //)	3 204☑
Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering	400 //
Waardevermindering	23 475//
Bedryfswins	5600 ☑
Rente inkomste (1 125 + 375 //)	1 500☑
Wins voor rente uitgawe	7 100 ☑
Rente uitgawe	(6 000) // ☑
Netto Wins vir die jaar	1 100 ☑

Golden Gate Handelaars
Notas tot die Finansiële state 30 Junie 2020

1.2.1 Handels en ander ontvangbares

Handelsdebiteure (31 900 - 1 600 ✓ + 1 370✓)	31 670✓
Voorsiening vir oninbare skuld (550 + 400)	(950)✓
Netto handelsdebiteure	30 720
Vooruitbetaalde uitgawe (moet dieselfde wees as aansuiwering vir versekering)	1 000 ✓
Opgelope inkomste (moet dieselfde wees as aansuiwering vir rente inkomste)	375 ✓
	32 095

6

1.2.2 Handels en ander betaalbares

Handelskrediteure (21 363 + 2 000✓)	23 363 ✓
Vooruitontvangde inkomste (moet dieselfde wees as aansuiwering vir Huur)	1 456 ✓
Opgelope uitgawe (moet dieselfde wees as aansuiwering vir telefoon)	230✓
Krediteure vir salarisse (4 200 - 840 -150 - 42)	3 168 ✓
SAID : LBS	840 ✓
Mediese fonds	150 ✓
W.V.F. (42 ✓ + 42 ✓)	84
	29 291

9

Berekenings:

Koste van verkope:

$$336\,000 + 4000 / 11 / 160 = 212500$$

Handelsvoorraad tekort/surplus:

$$42563 + 1000 - 44\,000 = 437$$

Huurinkomste:

$$15\,600 / 12 \times 7 = 9\,100$$

$$15\,600 + 12\% = 17\,472 / 12 \times 5 = 7\,280$$

$$9\,100 + 7\,280 = 16\,380 - 17\,836 = -1\,456$$

Rente op vaste deposito:

$$10\,000 \times 15\% = 1\,500 / 12 \times 3 = 375$$

$$10\,000 \times 15\% = 1\,500 - 1\,125 = 375$$

Rente op lening:

$$18\,000 + 48\,000 = 66\,000 - 60\,000 = 6\,000$$

VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE

(40 punte; 32 minute)

2.1 WAAR en ONWAAR

Nommer	Antwoord
2.1.1	Vals
2.1.2	Vals
2.1.3	Waar
2.1.4	Vals
2.1.5	Vals

5

2.2 Mighty Mouse Handelaars
Notas tot die Finansiële state op 28 Februarie 2020Private rekeninge

	Mighty	Mouse	Total
Netto wins soos per inkomstestaat	61 200	79 800	141 000
Vennoot salarisse	54 400 √ √	78 000 √	
Rente op kapitaal	13 000 √ √	8 000 √	
Primêre verdeling van wins	67 400	86 000	
Finale verdeling van wins/verlies	(6 200) ☑	(6 200) ☑	
Onttrekkings vir die jaar	(20 300) √ √	(5 800) √ √	
Behoue inkomste vir die jaar	40 900	74 000	
Saldo aan die begin van die jaar	(4 800) √	6 200 √	
Saldo aan die einde van die jaar	36 100	80 200	116 300

14

<u>Berekening vir Onttrekkings: Mighty</u> 20 000 - 700 + 1 000 = 20 300	<u>Berekening vir Onttrekkings: Mouse</u> 6 800 – 1 000 = 5 800
<u>Berekening vir salaris: Mighty</u> 49 600 = 11 maande 4 + 7 (1,2) 12,4 <u>49 600</u> = 4000 12,4 4 000 + 20 % = 4 800 49 600 + 4 800 = 54 400	<u>Berekening vir salaris: Mouse</u>
<u>Berekening vir rente op kapitaal: Mighty</u> 100 000 x 8 % = 8 000 100 000 x 10 % = 10 000 / 12 x 6 = 5 000 8 000 + 5 000 = 13 000	<u>Berekening vir rente op kapitaal: Mouse</u> 100 000 x 8 % = 8 000
<u>Berekening vir verdeling vir oorblywende wins/verlies:</u> 141 000 – 132 400 – 21 000 = (12 400) (12 400 / 2 = (6 200) Verhouding: Elkeen het R100 000 kapitaal bygedra aan die begin van die jaar. Daarom is die verhouding 1 : 1	
<u>Berekening van Totale Bedryfsbates deur gebruik te maak van die Bedryfskapitaal verhoudinge:</u> BB : BL ??? : 67 250 1,2 : 1 67 250 x 1,2 = 80 700	

Berekening van Handels- en ander ontvangbares deur gebruik te maak van die Vuurproefverhouding:

Ontvangbares + Kontant : BL

??? + 11 500 : 67 250

0,5 : 1

$67\,250 \times 0,5 = 33\,625 - 11\,500 = 22\,125$

Berekening van Totale Nie-bedryfslaste deur gebruik te maak van die Skuld-Ekwiteitsverhouding:

NBL : EB

??? : 416 300

1,5 : 416 300

$416\,300 \times 1,5 = 624\,450$

Berekening van Voorraad:

:

$80\,700 - 22\,125 - 11\,500 = 47\,075$

Berekening van Vaste bates:

$1\,108\,000 - 80\,700 = 1\,027\,300 - 20\,000 = 1\,007\,300$

2.3 **Mighty Mouse Handelaars**
Staat van Finansiële posisie (Balansstaat) soos op 28 Februarie 2020

<u>BATES</u>		
<u>NIEBEDRYFSBATES</u>		1 027 300 ✓
Vastebates		1 007 300 ✓
Finansiële bates		
Vaste deposito : Giant Bank (10 000 – 10 000)		0
Vaste deposito: Small Bank (20 000)		20 000 ✓
<u>BEDRYFSBATES</u> (moet BL x 1,2 wees)		80 700 ✓
Inventaris		47 075 ✓
Handels- en ander ontvangbares (moet BL x 0,5 – kontant wees)		22 125 ✓
Kontant en kontantekwivalente (500 + 1 000 + 10 000)		11 500 ✓ ✓
Totale bates (moet dieselfde wees as totale ekwiteit en laste wees)		1 108 000 ✓
<u>EKWITEIT EN LASTE</u>		
<u>EIENAARSBELANG</u>		416 300 ✓
Kapitaal (200 000 + 100 000)		300 000 ✓ ✓
Private rekening (moet kom van 2.2)		116 300 ✓
<u>NIE-BEDRYFSLASTE</u> (moet EB x 1,5 wees)		624 450 ✓
Lening : Giant Bank (??? – 5 000)		624 450
<u>BEDRYFSLASTE</u>		67 250 ✓
Handels- en ander betaalbares (45 050 + 1 200)		46 250 ✓
Bank oortrokke (12 200 + 5 000 – 1 200)		16 000 ✓ ✓
Korttermyn lening		5 000 ✓ ✓
Totale ekwiteit en laste		1 108 000 ✓

VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING

(20 punte; 16 minute)

3.1	Bereken King Ben se persentasie verdienste vir die jaar geëindig 31 Desember 2020. Het hy rede om tevrede te wees? Gee een rede vir jou antwoord.	
	$\frac{\text{Verdiens te van Ben}}{\text{Gemiddelde ekwiteit van Ben}} \times 100$ $\frac{165\,000 + 60\,000 + (37\,100 / 2 \checkmark)}{(505\,562 + 597\,012) / 2 \checkmark} \times 100$ $\frac{165\,000 \checkmark + 60\,000 \checkmark + 18\,550 \checkmark}{551\,287 \checkmark} \times 100$ $\frac{243\,550}{551\,287} \times 100$ 44,1 % ☒ <u>Tevrede</u> ✓ / Ontevrede Rede: Sy verdienste van 34,2 % is meer as wat hy sal verdien indien hy sy geld op 'n ander plek belê soos in 'n vaste deposito, wat tans slegs 5% rente verdien. ✓ ✓ (Enige ander geldige antwoord)	(10)
3.2	Bereken die skuld – ekwiteitsverhouding op 31 Desember 2020.	
	Berekening: 250 000 ✓ : 1 038 154 ✓ 0,2 : 1 ☒	(3)

3.3	Die vennote oorweeg dit om 'n addisionele lening van R200 000 met 'n rentekoers van 12% per jaar aan te gaan. Dink jy dit is 'n goeie idee? Verwys na EEN finansiële aanwyser en hoe dit gerat is om jou antwoord met syfers te motiveer.	
	Goeie idee / Motivering: Skuld- Ekwiteitsverhouding ☒ verbeter van 0,3 : 1 tot 0,2 : 1 ✓ Besigheid is laag gerat, het meer eie as vreemde kapitaal. <i>(Enige ander geldige antwoord)</i>	(3)
3.4	Die vennote is bekommerd oor die likiditeitsposisie van die besigheid. Verwys na twee finansiële aanwysers met syfers om jou kommer te regverdig	
	Finansiële aanwyser 1: Bedryfskapitaalverhouding versleg van 1,7 : 1 tot 1,4 : 1 ✓✓ Finansiële aanwyser 2: Vuurproefverhouding versleg van 1,2 : 1 tot 0,8 : 1 ✓✓ 1 punt vir elke aanwyser. 1 punt vir elke syfer.	(4)

VRAAG 4: BATEBESTUUR EN INTERNE KONTROLE

(35 punte; 30 minute)

4.1 Etiek

Nommer	Antwoorde
4.1.1	E ✓
4.1.2	F ✓
4.1.3	A ✓
4.1.4	D ✓
4.1.5	C ✓

5

4.2 Rekeningkundige vergelyking

Nommer	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eenaars- belang	Laste
Voorbeeld	Bank	Kapitaal : Barack	0	+ 50 000	- 50 000
4.2.1	Onttrekkings : Barack ✓	Bank ✓	0	- ✓ 8 000	+ ✓ 8 000
4.2.2	Onttrekkings : Michelle ✓	Handelsvoorraad ✓	- ✓ 800	- ✓ 800	0

8

4.3 Batebestuur

4.3.1	Indien dieselfde metode gebruik word om waardevermindering op alle voertuie af te skryf wat is die persentasie (koers) wat gebruik word deur die besigheid?	
	Berekeninge: $47\,500 / 6 \times 12 = 95\,000$ $\frac{95\,000}{380\,000} \times 100$ $= 25\% \checkmark$	(3)

4.3.2

Daar word besluit om Voertuig 2 te verkoop (sien die vastebateregister) aangesien dit te veel kos om te onderhou en te herstel.

Voltooi die bateregister om die voertuig se boekwaarde te bepaal op die dag wat dit verkoop word. (Rond af tot die naaste rand wanneer die berekenings gedoen word vir waardevermindering.)

Beweging				
Datum	Kosprys	Waardevermindering	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 2018	380 000	47 500	47 500	332 500
28 Februarie 2019	380 000	83 125	130 625	249 375
28 Februarie 2020	380 000	62 344	192 969	187 031
31 Mei 2020	380 000	11 689	204 658	175 342

Berekeninge:

Februarie 2020:

$$249\,375 \div 380\,000 \times 25\% \checkmark = 62\,344 + 130\,625 \div 380\,000 \times 25\% \checkmark = 192\,969 \checkmark$$
$$380\,000 - 192\,969 = 187\,031 \checkmark$$

Mei 2020:

$$187\,031 \checkmark \div 380\,000 \times 25\% \checkmark = 12\,314,44 \div 12 \times 3 \checkmark = 11\,689 + 192\,969 \checkmark$$
$$= 204\,658$$
$$380\,000 - 204\,658 \checkmark = 175\,342 \checkmark$$

Aanvaar : 46 757,75 / 46 757

11 689,44 / 11 689,25 / 11 689,50

(10)

4.4 Probleemoplossing

Rekeningkunde Maklik Gemaak

Tak	Probleme en getalle	Oplossing
Daveyton	Skool is nie vol nie. Daar is plek vir nog 60 leerders. √	Kry meer leerders deur meer te adverteer. √
Actonville	Te veel leerders. Daar is 40 te veel leerders. √	Verminder die aantal leerders. √ Kry meer opvoeders.
Farramere	Die skool is nie vol nie. Daar word nie geadverteer nie. Huur is baie hoog, R12 000. Vra leerders nie R120 √	Adverteer die skool. √ Kry 'n goedkoper perseel. Neem beheer oor die uitgawes.

(Vir al die bogenoemde, aanvaar enige ander redelike antwoorde.)

9

35

TOTAAL: 150